# BYBELSTUDIE

## HEROPEN DIE CHRISTENDOM




## 5. IS EK GEWILLIG OM JESUS TE VOLG AS MY HERE?

### VOORBEREIDING

Kyk weer na die boodskap wat Jimmy & Janine gedeel het op die Livestream van die afgelope Sondag. Hier is die skakel: Video: https://fb.watch/3Ym4yN_5yo/

Klankbaan: https://soundcloud.com/nhk-witfontein/heropen-die-christendom-28-februarie-2021-vraag-5-is-ek-gewillig-om-jesus-as-my-here-te-volg

### YSBREKER

Beskryf 'n groot geleentheid wat jy in hierdie wêreld gehad het en waarom dit so spesiaal was vir jou?

### SKRIFGEDEELTES OM TE BESTUDEER

1 Konings 19:19-21

2 Konings 13:20-21

### BESPREKINGSVRAE

a. Ons het gesê dat VRAAG 5 dalk net die mees uitdagende vraag van al 5 kan wees. Stem jy saam of nie, en verduidelik?
b. Wat staan vir jou die meeste uit om Jesus as jou Here en God te hê?
c. Ons het vir mekaar gesê: **"Christene is gemaklik & tevrede om God as hulle VERLOSSER te hê, maar ongemaklik met Hom as hulle Here."** Stem jy saam of nie en verduidelik.

d. In die 1983 Afrikaanse Vertaling van die Bybel, word die woord VERLOSSER 45 keer gebruik en die woord HERE, 7 791 keer. Wat dink jy kan ons leer uit hierdie stukkie statistiek?
e. Is dit moontlik om 'n wêreldse droom na te jaag & waarlik nog vir Jesus te volg? Verduidelik.
f. Lees Matteus 4:18-22. Waarom sou Petrus, Andreas, Jakobus en Johannes Jesus dadelik daar en dan egvolg het? Glo jy dat die UITNODIGING om Jesus te volg, is ook aan jou gerig? Verduidelik.
g. Is daar enigiets wat jou terughou om die "ploeë en julle te verbrand tot as" en Jesus na te volg met alles?
h. Ons het gesê: **"Om Jesus te volg is nie las nie maar die enkele grootste geleentheid van ons lewens."** Stem jy saam of nie en verduidelik.
i. Is jy gewillig om Jesus te volg as jou Here? Weet jy wat is die KOSTE van dissipelskap?

## GEBED

Here God, ek is jammer vir die kere dat ek gefaal het om U ten volle lief te hê. Asseblief, help my soos wat ek vorentoe gaan om nie net in U te glo as my VERLOSSER nie, maar dat ek U ook waarlik sal volg as my Here. U is waardig wat ookal die koste mag wees in hierdie wêreld en ek sal U getrou volg al die dae van my lewe.

Amen

